

Oktober 2016

Geagte Lidmaat,

DIE WYE IMPAK EN BRONNE VIR BEDIENING AAN DIE GEMEENSKAP

In September 2016 is daar in 'n verslag by die Algemene Sinodale Moderamen genoem dat 1 389 773 mense in 2015/6 direk geraak is deur die werk van die maatskaplike dienste wat deur die NG Kerk se maatskaplike diensorganisasies gelewer word. Elkeen van dié wat ondersteuning ontvang het, het 'n impak op 3-4 ander mense wat die totale impak van die werk na **5 miljoen mense** opskuif. Die werk is hoofsaaklik deur 'n paar honderd maatskaplike werkers gedoen wat die bronne aangewend het.

Die bediening in die gemeente aan en deur gemeentelede is omvattend: Eredienste, Bybelstudies, kleuterkerk, kleingroepe, verskeie uitreike deur Caritas, pastoraat by mense in krisis, doop- en huweliksgesprekke, begrafnisse, kategeese, jeugwerk, ekologie, Lynnwood Oord, kursusse, vrouegroepe, gasvryheid en verskeie ander bedieninge. Dit lyk oënskynlik na 'n bediening aan 3000 lidmate, maar die impak daarvan kring baie wyer uit.

Dink net wat die impak is wat elkeen van Lynnwood se lidmate op hulle omgewing het. Hoeveel mense se lewens word deur jou aangeraak? As jy anders dink, praat, glo en doen, beïnvloed jy soveel mense. Jou waardes en lewensuitkyk veroorsaak rimpelings waar jy kom. Wanneer ons **die potensiele impak van ons gemeente** meet is dit enorm!

Ons gemeente se fokus die afgelope jaar en vir die volgende jaar is om werklik 'n verskil te maak in die gemeenskap as 'n **24/7 dienende gemeenskap**. Elke bediening is besig om sy rol te herevalueer in die lig van die droom. Lynnwood Gemeente wil 'n bron van lig, hoop en inspirasie in Pretoria wees.

In die **tiendemaand**, die mooiste mooiste maand, Oktober, kyk ons weer na ons gemeente se bronne met dankbaarheid en verwagting. Ons glo en sien dat die Here die bronne verskaf wat nodig is om die bediening in die gemeente voort te sit.

Ons wil vir elkeen van u wat bydra tot die bediening **baie dankie sê**. Vier saam met ons die vrug van die werk wat God deur ons gemeente doen. Daar is so baie gawes waarmee die Here ons op sigbare en onsigbare vlak seën. Aan God alleen die eer!

Die **finansiële situasie** van die gemeente lyk beter danksy die **inflasie aanpassing** wat 'n paar lidmate gedoen het. Ons lening vir die bouwerk van 'n paar jaar gelede word ook doeltreffend afbetaal.

Met die tiendemaand vra ons dat jy **bo-en-behalwe jou normale dankoffer** 'n addisionele dankoffer gee. Maak dit 'n saak tussen jou en die Here, en gee dan met blymoedigheid. Doen gerus 'n elektroniese oorbetalings, en merk dit: *Dankfees*, NG Gemeente Lynnwood, ABSA Takkode: 632005, Tjekrekening nr: 540 580 014 of gebruik gerus een van die koeverte wat by die deure of kerkkantoor beskikbaar is.

Mag die bewussyn van die Here se teenwoordigheid en die gawe van sy vrede jou vul en elke oomblik bybly.

Die Kerkraad,
Lynnwoodgemeente

'n **24/7 dienende gemeenskap**